WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING, (PAIA)

WET NO 2, 2000

(gerig op privaat liggame)

Hier word veral verwys na par 50 tot 73 van PAIA (Deel 3, hoofstukke 1 en 3)

1. REG VAN TOEGANG TOT INLIGTING

Die Wet bepaal dat 'n versoeker moet toegang tot 'n rekord van 'n privaatliggaam verleen word indien-

1) daardie rekord vir die uitoefening of beskerming van enige regte benodig word;
2) daardie versoeker aan al die prosedurele vereistes van hierdie Wet voldoen wat betrekking op 'n versoek vir daardie rekord het; en
3) toegang tot daardie rekord nie geweier is nie ingevolge enige grond vir weiering wat in Hoofstuk 4 van hierdie Deel beoog word.

2. WYSE VAN TOEGANG TOT INLIGTING

2.1 Vorm van versoeke

1) 'n Versoek om toegang tot 'n rekord van 'n privaatliggaam moet in die voorgeskrewe vorm aan die betrokke privaatliggaam by sy adres of faksnommer of elektroniese posadres gerig word.
2) Die vorm vir 'n versoek om toegang voorgeskryf vir doeleindes van subartikel (1), moet van die betrokke versoeker minstens vereis-
   a) om voldoende besonderhede te verskaf om die hoof van die betrokke privaatliggaam in staat te stel om-
      i. die rekord of rekords wat versoek is, te identifiseer;
      ii. die versoeker te identifiseer;
   b) om aan te dui watter toepaslike vorm van toegang verlang word;

c) om 'n posadres of faksnommer van die versoeker in die Republiek te vermeld;
d) om die reg wat die versoeker poog om af te dwing of te beskerm, te identifiseer en 'n verduideliking te gee waarom die gevraagde rekord vir die uitoefening of beskerming van daardie reg benodig word;
e) om, indien die versoeker, benewens 'n skriftelike antwoord, op enige ander wyse oor die besluit oor die versoek ingelig wil word, daardie wyse en die nodige besonderhede om aldus ingelig te word, te meld; en
f) om, indien die versoek namens 'n persoon gerig word, tot die redelike tevredenheid van die hoof bewys te lewer van die hoedanigheid waarin die versoeker die versoek rig.

Die vorm gebruik vir die versoek om inligting te bekom, word aan die eende as Bylaag A aangeheg

2.1 Gelde betaalbaar

Die hoof van 'n privaatliggaam aan wie 'n versoek om toegang gerig word, moet by kennisgewing van die versoeker, behalwe 'n persoonlike versoeker, vereis om die voorgeskrewe versoekgelde (indien enige) te betaal voordat die versoek verder geprosesseer word.

3. WEIERING VAN TOEGANG TOT REKORDS

‘n Versoek om toegang tot inligting kan geweier word – maar met groot omsigtigheid.

Die volgende kan oorweeg word by die besluit om toegang tot inligting te weier. Die Wet (PAIA) verwys na die volgende gronde om so versoek te weier:

1) Verpligte beskerming van privaatheid van derde party wat natuurlike persoon
2) Verpligte beskerming van kommersiële inligting van derde party
3) Verpligte beskerming van sekere vertroulike inligting
4) Verpligte beskerming van veiligheid van individue, en beskerming van eiendom

5) Verpligte beskerming van rekords geprivilegieerd van voorlegging in geregtelike verrigtinge
6) Kommersiële aktiwiteite van privaatliggame
7) Verpligte beskerming van navorsingsinligting van derde party, en beskerming van navorsingsinligting van privaatliggaam

VORM C

Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika

VERSOEK OM TOEGANG TOT REKORD VAN ’N PRIVAATLIGGAAM

Artikel 53(1) van die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting (Wet 2 van 2000)

[Regulasie 4]

A. Besonderhede van die privaatliggaam

Kontak besonderhede van Privaat liggaam (kerkraad/ring/sinode ens) VIR AANDAG: Die betrokke privaatliggaam se inligtingsbeampte

B. Besonderhede van persoon wat toegang tot die rekord versoek

a) Die besonderhede van die persoon wat toegang tot die rekord versoek moet hieronder aangedui word.

b) Voorsien ’n adres en/of faksnommer in die Republiek waarheen inligting gestuur moet word.

c) Bewys van die hoedanigheid waarin die versoek gerig word, indien van toepassing, moet aangeheg word.

Volle name en van:	
Identiteitsnommer:	
Posadres:	
Faksnommer:	
Telefoonnommer:	
E-pos-adres:	
Hoedanigheid waarin versoek gerig word, indien dit namens ’n ander persoon gedoen word.	

C. Besonderhede van persoon namens wie die versoek gerig word

Hierdie gedeelte moet slegs ingevul word as 'n versoek tot inligting namens 'n ander persoon gerig word.

Volle name en van:	
Identiteitsnommer:	

D. Besonderhede van rekord

a) Voorsien volle besonderhede van die rekord waartoe toegang versoek word, insluitende die verwysingsnommer indien dit aan u bekend is, om die opsporing van die rekord moontlik te maak.

b) Indien die spasie wat voorsien word nie voldoende is nie gaan asseblief voort om ekstra lyne in te voeg (druk “enter”!). Waar die vorm nog per hand voltooi word kan ’n addisionele bladsye aangeheg word in welke geval elke addisionele bladsy ook onderteken moet word.

Beskrywing van die rekord(s) of toepaslike gedeelte van die rekord:	
Verwysingsnommer (indien beskikbaar):	
Enige verdere besonderhede van die rekord(s):	

E. Gelde

a) ’n Versoek om toegang tot ’n ander rekord as ’n rekord wat persoonlike inligting van uself bevat, sal slegs verwerk word nadat versoekgelde betaal is.

b) U sal in kennis gestel word van die bedrag wat as versoekgelde betaal moet word.

c) Die gelde betaalbaar vir toegang tot die rekord hang af van die formaat waarin toegang verlang word en die redelike tyd wat benodig word om die rekord te soek en voor te berei.

d) Indien u kwalifiseer vir vrystelling van die betaling van enige gelde, meld asseblief die rede daarvoor.

Rede vir vrystelling vir betaling van gelde:	

F. Formaat van toegang tot rekord

a) U aanduiding van die verlangde formaat tot toegang is afhanklik van die formaat waarin die rekord beskikbaar is.

b) Toegang tot die formaat wat versoek word, mag in sekere omstandighede geweier word. In so ’n geval sal u in kennis gestel word of toegang in ’n ander formaat toegestaan sal word.

c) Die gelde betaalbaar vir toegang tot die rekord indien enige, sal gedeeltelik bepaal word deur die formaat waarin toegang verlang word.

Formaat waarin rekord(s) verlang word:

Indien die rekord in skriftelike of gedrukte vorm is:	Afskrif van die rekord(s)	
	Inspeksie van die rekord(s)	

Indien die rekord bestaan uit visuele afbeeldings (Dit sluit in foto’s skyfies, video-opnames rekenaar-gegenereerde afbeeldings, sketse, ens):	Besigtig die afbeelding(s)	
	Afskrif van die afbeelding(s)	
	Transkripsie van die afbeelding(s)	

Indien die rekord bestaan uit opgeneemde woorde of inligting wat as klank gereproduseer kan:	Luister na die klankbaan	
	Transkripsie van die klankbaan (geskrewe of gedrukte dokument)	

Indien die rekord op rekenaar of in elektroniese of masjienleesbare formaat gehou word:	Gedrukte afskrif van rekord	
	Gedrukte afskrif van inligting verkry uit die rekord	
	Afskrif in rekenaarleesbare formaat (pfd of .jpg of ander voorkeur)	
Verdere notas oor die formaat waarin u die afskrif verlang:		

Indien u as gevolg van ’n gestremdheid verhinder word om die rekord te lees, besigtig of daarna te luister in die formaat van toegang soos hierbo voor voorsiening gemaak word, meld u gestremdheid en dui aan in welke formaat die rekord verlang word.

Gestremdheid:	

G. Besonderhede van reg wat uitgeoefen of beskerm word

Dui aan **watter reg** uitgeoefen of beskerm word [Gebruik addisionele bylaes indien nodig. Indien u die vorm per rekenaar voltooi, kan u bloot addisionele lyne byvoeg ten einde u reg volledig te kan beskryf]:

Verduidelik waarom die rekord(s) wat versoek word, benodig word om voormelde reg uit te oefen of te beskerm [Gebruik addisionele bylaes indien nodig. Indien u die vorm per rekenaar voltooi, kan u bloot addisionele lyne byvoeg ten einde u motivering volledig te kan beskryf]:

H. Kennisgewing van besluit rakende versoek tot toegang

U sal skriftelik in kennis gestel word of u versoek goedgekeur/geweier is. Indien u verkies om op ’n ander wyse in kennis gestel te word spesifiseer asseblief die wyse en voorsien die nodige inligting om aan u versoek gehoor te kan gee. Hoe verkies u om van die besluit rakende u versoek om toegang tot die rekord in kennis gestel te word? Dui aan: Per e-pos; landpos; telefoon of hoe ook al en voorsien die besonderhede indien dit nie reeds in Paragraaf B hier bo genoem is nie.

Geteken te (plek):	
Volledige datum (dag, maand in woorde en jaartal):	
Handtekening van die aansoeker:	

-o0o-